Wil jy hê jou ouers moet verander?

Elkeen van ons het idees oor die ideale ouers en hoe ons wil hê hulle moet wees. Het jy al ooit daaraan gedink dat jy oor hierdie dinge vir jou ouers kan bid? Die Woord van die Here sê duidelik dat Hy gebede hoor – Hy sal ook na jou luister as jy tot Hom bid. Moenie vir 'n oomblik daaraan twyfel nie. Hier is 'n paar idees oor wat jy vir jou ouers kan bid. Gesels met 'n vriend/in daaroor en bid saam en kyk hoe die Here julle gebede beantwoord.

1. **Aanvaar dit…** Hulle is nie perfek nie. Of hulle nou baie by die huis is of nie, geskei is of weg van mekaar woon, hulle is jou ouers. Aanvaar dit. Dank die Here vir die voorreg om ouers te hê. Sê jammer vir die kere dat jy hulle 'weg-' of 'doodgewens' het oor iets wat hulle aan jou of iemand anders gedoen het of nie gedoen het nie. Bid dat die Here jou oë sal oopmaak om die goeie dinge te sien wat hulle doen, wat ander ouers nie doen nie. Vra die Here om jou te help om hulle nood raak te sien en vir jou die wysheid te gee oor hoe om vir hulle te bid.

2. **Lig hulle op in gebed ...** Bid dat die Here hulle sal help om jou behoeftes te verstaan en bid dat Hy jou ouers in staat sal stel om daaraan gehoor te gee en dat hulle die begeerte sal hê om tyd saam met jou deur te bring. Onthou dat wanneer hulle na jou uitreik, dit die Here se antwoord op jou gebede is – moenie vir hulle 'n koue skouer gee nie.

3. **Hulle werk...** Ekonomiese omstandighede het regtig hulle wêrelde verander. Bid vir hulle dat hulle in staat sal wees om al die moeilike situasies by die werk te hanteer en dat hulle nie so moeg sal wees as hulle saans by die huis kom nie. Bid dat hulle guns by hulle werkgewers sal vind, vir goeie werksomstandighede en goeie salarisse. As hulle hulle eie sakeondernemings het, vra dat die Here vir hulle vrede by die werk sal gee, dat hulle met integriteit sal lewe en werk en dat hulle nie geld so sal najaag dat hulle nie vir hulle gesinne omgee of tyd maak vir gesinslewe en om die mooi dinge van die lewe te geniet nie.

4. **Hulle huwelik...** Luister mooi waarmee jou ouers sukkel. Vra die Heilige Gees om vir jou te wys hoe jy oor die dinge kan bid wat ongelukkigheid en pyn in hulle verhouding veroorsaak.

5. **Hulle verantwoordelikhede…..** Onderwerp jou aan hulle gesag en vra die Here om jou te help om jou aan hulle en hulle dissipline te onderwerp. Vra vir die Here dat hulle wysheid sal ontvang oor hoe om jou te lei en te help om tot volwassenheid te groei. Bid dat hulle hulle rolle as vader en moeder sal opneem, dat hulle godvresende lewens sal lei en deernis in hulle harte sal hê vir armes en behoeftiges.

6. **Hulle optrede teenoor jou...** Bid dat hulle geduldig met jou sal wees en dat die Here jou sal help om ook geduldig met hulle te wees. Onthou dat hulle ook maar net mense is en dat hulle baie foute maak. Moet hulle nie oordeel nie, maar wees lief vir hulle. Vra dat jou Hemelse Vader vir hulle wysheid sal gee en 'n openbaring om jou behoeftes en begeertes te verstaan en dat hulle tyd sal maak om jou te leer ken en lief te hê en beskikbaar sal wees wanneer jy hulle nodig het.